TYD HARDLOOP UIT VIR WERKGEWERS SE INDIENINGS EN BETALINGS AAN SARS

Pretoria, 15 Mei 2020 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) herinner werkgewers aan hul wetlike plig om salarisrol inligting aan SARS te verskaf op of voor die sperdatum van Sondag 31 Mei 2020. Werkgewers wat ten volle nakomed is, sal dit wederkerig vir hulle eie werknemers makliker maak om hulle individuele belastingverpligting na te kom.

Bekend as die jaarlikse werkgewer rekonsiliasietydperk, sal hierdie indiening- en betalingvenster deel uit maak van 'n enkele egalige Belastingseisoen 2020 vir werkgewers, waar gedurende kwalifiserende werknemers, ander individuele belastingpligtiges en trusts in staat sal wees om inkomstebelastingopgawes in te dien, indien nodig, later in die jaar.

Die data wat teen Sondag 31 Mei 2020 ingedien moet wees, moet die transaksietydperk van 1 Maart 2019 tot 29 Februarie 2020 dek, ten opsigte van maandelikse werkgewer verklarings ingedien, betalings gemaak en IRP5/IT3(a)'e gegenereer.

Hierdie salarisroldata is van kardinale belang aan SARS. Eerstens gee dit 'n gerekonsilieerde weergawe van watter bedrae belasting die werkgewer van die belasbare besoldiging van elk van sy werknemers afgetrek het. Tweedens toon dit watter bedrag van belasting die werkgewer aan SARS oorbetaal het namens die werknemer. Dit toon ook ander toelae wat 'n werkgewer aan 'n werknemer betaal as deel van hulle besoldigingvoordele.

Die jaarlikse werkgewer rekonsiliasie proses is 'n noodsaaklike eerste stap in die breër inkomstebelasting rekonsiliasie proses. Die jaarlikse werkgewer rekonsiliasie proses, stel SARS in staat om 'n inkomstebelastingopgawe aan belastingpligtiges uit te reik waarop salarisrol-inligting reeds voltooi is. Dit, tesame met inligting van ander verskaffers van derde party inligting, maak dit makliker vir individue om later hulle eie inkomstebelasting-verpligtinge na te kom.

SARS is vasbeslote om seker te maak dat die nakomingkoers onder werkgewers aansienlik toeneem gedurende hierdie nuwe benadering tot Belastingseisoen 2020. Maatskappye wat versuim om salarisroldata betyds in te dien, kan vir laat-indieningsboetes van tot 10% van die waarde van hulle salarisrol aanspreeklik word.

Ons wil graag uitlig dat, meer as ooit te vore, gedurende hierdie uitdagende tydperk van COVID-19 dit verpligtend is vir elke belastingpligtige om belastingnakomend te bly. Belastingbydraes stel die regering in staat om die belangrike maatskaplike goedere en dienste aan Suid-Afrikaners te lewer, diegene wat heldhaftig aan die voorlyn diens lewer in noodsaaklike gesondheidsdienste en maatskaplike en sekuriteitsdienste, en om maatskaplike verligting aan die mees kwesbare in ons samelewing te betaal. SARS is ook in 'n posisie om terugbetalings te maak aan besighede en individue wat reeds in nood verkeer, asook om die belastingverligtingmaatreëls te verskaf om besighede en indienshouding te red.

Ons spreek ons opregte dank uit teenoor nakomende werkgewers wat reeds die vereiste data ingedien het en die nodige betaling gemaak het. Ons versoek alle werkgewers wat nog nie hulle verpligtinge nagekom het nie, om dit betyds te doen.

Vir meer inligting oor die LBS-proses en belastingverligtingmaatreëls, kan werkgewers die LBS-blad besoek op die SARS-webtuiste: www.sars.gov.za.